DAG-TOT-DAG-GEBEDSGIDS: OKTOBER 2008

10/40 Venster gebedsfokus op Indië

Gedurende die maand Oktober fokus ons op spesifieke sake en deurbrake in die Indiese volke met 'n beraamde bevolking van meer as 1 miljard mense. Indië is een van die lande wat binne die *10/40 Venster* val. Die inligting wat ons hier weergee is verreweg nie 'n volledige prentjie van die geweldige groot behoefte aan gebed vir hierdie land nie, maar dit behoort riglyne te verskaf oor hoe om oor 'n langer tydperk vir hierdie land te bid. Sommige dae se gebedsinligting sal meer wees as ander dae s'n sodat al die basiese gebedsriglyne vir 'n bepaalde gebied gegee kan word.

(Inligting en statistiek is geneem uit die betroubare gebedsbron van Patrick Johnstone en Jason Mandryk, *Operation World*, bll. 309-337 en ander Internetbronne). U kan ook verwys na die kaart van 7 Oktober waarop die verskillende state van Indië aangedui word.

Inligtingsblokkies: 🕮 **= Bybelvers** ▦ **= Statistieke/inligting** 🗣 **= Gebed**

Woensdag 1 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Algemeen

Inligtingsblokkies: 🕮 **= Bybelvers** ▦ **= Statistieke/inligting** 🗣 **= Gebed**

🕮 *God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun Christus Jesus, ons Here* (**1 Kor.1:9**).

▦ Indië bestaan uit 29 uniestate en 6 unieterritoria. Die geskatte bevolking vir 2024 is 1.33 biljoen, wat beteken dat daar 420 mense per vierkante kilometer sal woon. Mensegroeperings is op kultuur en stand eerder as taal gebaseer. Daar is na raming 6 400 kastes. Elkeen funksioneer as 'n afsonderlike groep as gevolg van die sosiale grense wat hulle skei. Die vernaamste kastegroepe is: **die hoër kastes** 15,4%, die **laer kastes** 56,6%, die **geskeduleerde kastes** of **Dalit** 18,1%, die **stamkastes** of **Adivasi** 9,5% en ander 0,4% (nie as deel van die kastestelsel gereken nie). Ongeveer 80% van die bevolking (+/- 800 miljoen) is volgelinge van Hindoeïsme, 12,5% is volgelinge van Islam en 2,4% is Christene en daar is ook 'n persentasie wat ander gelowe aanhang.

🗣 *Getroue God wat mense roep tot gemeenskap met U Seun Jesus Christus ons Here, ons dra elkeen van die 29 state en 6 unieterritoria aan U troon van genade op. Maak U Seun bekend aan die hoër en laer kaste, aan die Dalit en die Adivasi. Roep elkeen by die naam, laat hulle U stem hoor. Openbaar U liefde en verlossing aan hulle.*

Donderdag 2 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Antwoorde op gebed

🕮 *Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het* (**Ps.105:1**).

▦ Vervolging in die 1990's het die kerk gesuiwer, sy visie nuut ingestel en groter eenheid ten opsigte van sy doel gebring as ooit tevore. Loof God, want dit het die persoon van Jesus en die bestaan van die kerk op die voorgrond gedryf en ekstremistiese Hindoeïsme ook nie in 'n gunstige lig geplaas nie. Loof God vir die dinamiese gety van groei in Indiese sendingagentskappe en die kerkgebaseerde sendinginisiatiewe in die suide en noord-ooste van Indië en elders.

🗣 *Ons dank U, O Here. U Naam moet geloof word vir wat U gedoen het. Dankie vir u volgehoue teenwoordigheid in Indië, vir vervolging wat die kerk gesuiwer het en vir die instroming van evangelisasiepogings in hierdie land. Ons verheerlik u Naam vir elkeen van die Dalits wat na U gekom het. Stuur werkers uit vir hierdie oes totdat elkeen aan U behoort.*

Vrydag 3 Oktober 2008

Fokus op dwelm misbruik: Alkohol verbruik in Suid-Afrika

Alkohol is vryelik beskikbaar in ongeveer 230 000 afsetpunte in Suid-Afrika. Volgens 'n verslag van die *Mediese Navorsings Raad* verbruik Suid-Afrikaners meer as 5 biljoen liters alkoholiese drank per jaar, wat 120 liters per persoon per jaar beteken. Hierdie statistiek is per kapita, maar as in ag geneem word dat groot dele van die bevolking glad nie alkohol gebruik nie, is dit skokkend.

(Webruimte: http://www.health24.com/mind/Sexual_dysfunction/1284-1300,13039.asp). Roep die Here aan vir alle vaders en moeders, jongmense en kinders wat alkohol misbruik. Vra dat God hulle oë sal oopmaak vir hulle dwaasheid en dat hulle tot God sal roep vir hulp en ook hulp sal soek sodat hulle permanent kan wegdraai van hierdie en ander verslawende gewoontes.

Gebedsfokus op Indië: Uitdagings vir gebed

📖 *Here die Almagtige, U besluite is magtig, U dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade* (**Jer.32:19**).

🏙 Indië het meer (en groter) mensegroepe sonder enige Christene, kerke of werkers as enige ander plek ter wêreld. Die regering van Indië het gebed nodig om *geloofsvryheid te handhaaf* en om nie diskriminerende "anti-bekeringswette" goed te keur, ekstremistiese Hindoe-organisasies te wettig en te begunstig en buitelandse fondse vir geboue vir minderhede te beperk nie. Hindoeïsme is die wêreld se derde grootste godsdiensstelsel. Baie begrippe van die Hindoeïsme het deel geword van die 21ste eeu se postmoderne kultuur – jogi, ghoeroes, karma, reïnkarnasie en transendentale meditasie. Hindutva ekstremisme het toegeneem. Die Hindutva ideologie van "Indië is slegs Hindoe" is skaamteloos gebruik om politieke mag te wen.

🗣 *Here Almagtig, groot is U planne en magtig is U dade in Indië! Ons bid dat elkeen in die regering radikaal tot bekering sal kom. Ons roep tot U vir die redding van elke lid van elke Hindoe-organisasie. Ons vra dat U die oë sal oopmaak van selfs Christene wat onwetend by Hindoe-praktyke in hulle alledaagse lewe betrokke geraak het. Ons bid dat U die kerk wêreldwyd in beweging sal bring om na onbereikte mensegroepe in Indië uit te reik.*

Saterdag 4 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Die kerk in Indië

📖 *… Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir dié wat U aan My gegee het, omdat hulle aan U behoort* (**Joh.17:9**).

🏙 Die kerk in Indië is aan die een kant lewendig en aan die groei en aan die ander kant bestaan dit slegs in naam en is aan die agteruitgaan. Ten spyte van baie twiste oor persoonlikhede, mag en eiendom, moedig die vyandige nasionale omgewing nou groter eenheid aan. Die opleiding van Christelike werkers is fundamenteel in die gesondheid en groei van die kerk. Gebrekkige dissipelmaking en onderwys het nominalisme, sinkretisme en verliese aan Hindoeïsme tot gevolg gehad. Daar is ongeveer 100 000 voltydse werkers in Indië, ongeveer die helfte bedien plaaslike kerke. Daar is gemiddeld een leraar vir elke ses gemeentes.

🗣 *Vader, soos Jesus bid ons vir diegene wat in U Naam geroep is. Ons vra dat U Indiese sendelinge in Indië wat teenkanting en vervolging in die gesig staar, sal bemoedig. Stuur asseblief meer werkers om onder die stamgroepe, die verdruktes en die uitgeskuifde en behoeftige dele van die bevolking te gaan werk. Ons roep tot U vir groter aanspreeklikheid in verhoudings tussen plaaslike kerke en sendingagentskappe. Ons dra die uitgewekenes wat in Indië diens verrig aan U op, dat hulle guns sal ontvang om in Indië as tentmakers te werk. Reinig U bruid in Indië om suiwer en heilig te wees, afgesonder om U stem te gehoorsaam en U bevele sonder kompromie uit te voer.*

Sondag 5 Oktober 2008

Memoriseer

Die lamp van jou liggaam is die oog. As jou oog goed is, is jou hele liggaam ook verlig. Maar as jou oog sleg is, is jou hele liggaam ook sonder lig. Pas dus op dat die lig in jou nie donker is nie (**Luk.11:34-35**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling

Stap 1: Vertalingshulpbronne en opleiding: Elke *World Bible Translation Center*-vertaling *(WBTC)* begin met die keuse van 'n span moedertaalvertalers wat by die *WBTC* se vertalingsdoelwitte inpas. Hierdie span ontvang die opleiding en vertalingshulpbronne wat hulle nodig het om hierdie doelwitte te bereik. Die basiese bron is die *Translator's Source Text* (*TST*). *WBTC* se *TST* is spesifiek ontwerp met die moedertaalvertaler in gedagte. Dit is 'n naslaaninstrument wat vertalers in staat stel om die vorm van die oorspronklike Griekse of Hebreeuse teks te sien terwyl die betekenis ook gegee word. Die *TST* voorsien die vertalers ook van aantekeninge binne die teks self en bykomende verklarende opmerkings in voetnotas.
(Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=Bible_Translation_Process). Bid in die besonder vir vertalers en die vertalings waarmee hulle tans in hierdie fase besig is. Vra God om kragtig deur hulle te werk, sodat hulle helder insig kan hê en vinnig sal vorder.

Onthou om vandag te bid soos God jou lei:

- Christene hou vandag die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vrede van Jerusalem* met een doel: volgehoue, vurige, ingeligte intersessie regoor die wêreld vir God se planne en oogmerke vir Jerusalem en al haar mense. (Vir meer inligting, besoek: http://ew.us.churchinsight.com/group/group.aspx?id=1000002767).
- Christene hou vandag ook die internasionale *Life Chain Sunday* deur in die openbaar standpunt in te neem vir ongebore babas se reg tot lewe. (Vir meer inligting, besoek: http://www.christianaction.org.za/courses-events/lifechain.htm).

Mans-wat-bid: Veg op jou knieë vir jou kinders

Die skrywer Stormie O'Martian sê in haar boek: *The Power of a Praying Parent*: "Die stryd vir die lewens van ons kinders word op ons knieë gevoer. As ons nie bid nie, is dit asof ons op die kantlyn sit en kyk hoe daar op die oorlogsveld vanuit alle kante op ons kinders geskiet word. Elke keer as jy vir jou kind bid, moet jy dit doen asof jy vir sy of haar lewe veg – omdat dit presies is wat jy besig is om te doen. Daar is niks soos 'n ouer, veral 'n pa, wat vir en saam met sy kinders bid nie."

Behalwe dat ons vir ons kinders bid, moet ons hulle ook leer om volgens **Ef. 6:11-17** vir hulle eie beskerming te bid deur daagliks die wapenrusting van God aan te trek. Leer hulle hoe om hulle gedagtes met die Woord van God te beskerm! Wek in hulle harte 'n liefde vir die Woord op. Wees ywerig in jou gebede. Wees getrou om hulle in die Woord te onderrig en wees konsekwent in jou persoonlike bestudering van die Woord en in jou stiltetyd. Bo alles, wees 'n voorbeeld vir jou kind om na te volg terwyl hy of sy volwasse in Christus word.

Iemand vertel dat haar 16-jarige dogter 'n nuwe Bybel wou hê al was haar ander Bybel nog nie baie oud nie. Verbaas hieroor het die ma ekstra moeite gedoen om vir haar dogter 'n mooi Bybel te kry wat by haar ouderdom pas. 'n Paar dae nadat sy haar nuwe Bybel gekry het, het die dogter teenoor haar ma erken dat sy skielik ervaar dat sy so min van die Woord van God weet en wonder of 'n leeftyd lank genoeg sal wees om die Here regtig diep te leer ken! God het 'n honger en dors na Homself in hierdie jong dogter se lewe gestort wat haar nie onveranderd sou laat nie!

Hier is 'n paar maniere waarop ons die Woord van God in ons kinders en kleinkinders se lewens kan inbid:

1. **Verstand: Lees Rom. 8:5-8**: Bid dat hulle verstand en denke beheer sal word deur die Heilige Gees sodat hulle lewens sal leef volgens die wil van God vol van vreugde en vrede.
2. **Wil: Lees Ps. 26:2-3, 139:2, 23-24:** Bid dat hulle altyd oop sal wees vir lering en onderrig en vra die Here om vir hulle die ware toestand van hulle harte te wys sodat hulle in waarheid en reinheid sal wandel.
3. **Soek Sy aangesig: Lees Pred. 7:25**: Bid dat hulle sal honger en dors daarna om die wysheid van God te verstaan en te soek. Dat hulle in staat sal wees om te onderskei hoe dwaas dit is om 'n lewe verwyderd van God te leef.
4. **Vertroue: Lees Jes. 26:3-4:** Bid dat hulle standvastig sal wees in hulle besluit om die Here te vertrou en dat hulle sal leer om Hom volkome te vertrou.
5. **God eerste: Lees Matt. 22:37:** Bid dat hulle die Here sal liefhê met hulle hele hart, siel en verstand. Dat die Here vir hulle 'n werklikheid sal wees en ook hulle grootste held!

6. **Vernuwing: Lees Rom.12:2:** Bid dat hulle nie aan die wêreld gelyk sal word nie, maar dat hulle verander sal word deur die vernuwing van hulle denke deur tyd met die Woord deur te bring.
7. **Christus in hulle**: **Lees 1 Kor.2:16b, 2 Kor.10:5, Fil.4:8-9:** Bid dat hulle altyd die Gees van Christus sal hê, dat die groepsdruk van vriende en die media hulle nie sal ontwrig nie.
8. **Vrede: Lees Fil.4:7**: Bid dat die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, oor jou kind se hart en gedagtes die wag sal hou in Christus Jesus. Dat hulle vry van vrees sal wees.
9. **'n Ware skat: Lees Kol.3:2:** Bid dat hulle gedagtes gerig sal wees op die dinge wat daarbo is en nie wat op die aarde is nie. Vra die Here om jou as ouer te help om aan so 'n lewe te vorm.
10. **Vrye tyd: Lees Ps.27:4-8:** Bid dat hulle God se stem sal hoor en graag hulle Bybels sal lees en vanaf 'n vroeë ouderdom tyd met God alleen sal deurbring. Vra dat hulle vriende hulle liefde vir die Woord sal raaksien en saam met hulle die Here sal wil dien.

Maandag 6 Oktober 2008

Gebedsfokus op redding: Bid vir die redding van konstruksiewerkers

As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs (**Ps.127:1**). Die meeste konstruksiewerkers werk vir lang tye weg van die huis af en kan nie gereeld kerk toe gaan nie. Bid vir maniere om hulle met die evangelie te bereik. Bid vir hulle redding, dat hulle goeie mans vir hulle vrouens en goeie vaders vir hulle kinders sal wees. Vra dat hulle nie hulle geld op drank sal uitgee of by sondige verhoudings betrokke sal raak daar waar hulle werk nie. Bid dat hulle daaraan toegewy sal wees om uitstekende werk te doen in die bou van paaie, damme, brûe en geboue.

Gebedsfokus op Indië: Die mins geëvangeliseerde gebiede van Indië

🕮 *Ek is die Here, die God van alle mense. Is iets vir My onmoontlik?* (**Jer.32:27**).

🏙 Geen ander deel van die wêreld het so 'n groot konsentrasie van ongeëvangeliseerde mense nie. Eerstens die Noord-Indiëse Ganges-vlakte met sy miljoene Hindi-sprekendes. Tweedens die groot stede. Die mins bereikte ontsaglike groot mensegroep in Indië is die 40 miljoen Brahmin (die hoogste en priesterlike kaste), van wie slegs 18 000 Christenskap openlik bely. Die hoër kastes, die laer kastes en die talryke stamvolke is min of glad nie geëvangeliseer nie. Daar is meer as 10 miljoen studente. Die meeste gebruik verslawende middels. Jong mense: 100 miljoen vroeë skoolverlaters, 50% leef onder die broodlyn. Kinders in nood: amper 400 000 miljoen onder 18, meer as 70 miljoen is kinderarbeiders, 10 miljoen is verband-slawearbeiders ('n vorm van slawerny om familieskuld af te betaal), 13 miljoen is haweloos, 2 miljoen is straatkinders sonder gesinne. Daar is 'n tekort van 40 miljoen meisies as gevolg van die abortering van vroulike fetusse – oor die 20 000 ultraklankklinieke floreer op hierdie onwettige praktyk. Daar is ongeveer 575 000 kinderprostitute en baie meisies wat vir prostitusie verkoop word.

🗣 *God van die ganse mensdom, ons roep met groot dringendheid U Naam aan vir diegene wat op die Noord-Indiese Ganges-vlaktes woon, vir diegene in die groot stede van Indië, vir die hoër kastes en die laer kastes en meer as 205 oorblywende mensegroepe wat totaal onbereik is. Wees hulle genadig, o God, stort U Naam uit, besoek hulle en openbaar Uself aan hulle as die Een en Enigste God. Ons roep voor U troon van genade uit vir die middelklas, studente, jongmense en kinders in nood. Keer asseblief die gety om, in die besonder vir die kinders. Hoewel ons vrees vir so baie wat sonder Christus sterf, verklaar ons dat niks vir U onmoontlik is nie.*

Dinsdag 7 Oktober 2008

Gebedsfokus: Die 29 state van Indië

Die meeste van hierdie state is baie groter as die meerderheid nasies, maar beperkte ruimte laat slegs 'n kort beskrywing van elkeen hieronder toe. (Bron: *Operation World*, bll. 309-337).

🕮 *Here, Ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag oor wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat U dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in U toorn* (**Hab.3:2**).

🏙 **State 1 en 2: Andhra Pradesh en Arunachal Pradesh**

Andhra Pradesh is Indië se vyfde grootste staat. Dit is in die suidooste geleë met 'n beraamde bevolking van 80 miljoen en 500 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 89,1%, Moslem 8,9%, Christelik 1,9%, ander 0,1%. Daar is 66 000 kerke en baie denominasies, maar nominalisme het toegeneem en Hindoe-pogings om die Dalits

tot die Hindoeïsme te "herbekeer" was suksesvol – met 30% verliese in sommige gebiede. Hyderabad is die sleutelsentrum vir Islam in Suid-Indië. Byna 40% van die stad is Moslem. Baie min Christenwerkers het ooit op hierdie geestelike nood gefokus. Arunachal Pradesh het 'n geskatte bevolking van 1 miljoen. Geloofsgroepe: Hindoe 37%, etniese gelowe 35,6%, Christelik 13%, Moslem 1,4%. Arunachal Christene het die visie dat elke volksgroep in die staat bereik moet word, naamlik die Boeddhistiese volke van die weste, waar min die geleentheid gehad het om die evangelie te hoor. Ook die animistiese volke van die sentrale en die westelike gebied (die Miri, Sulung, Tangam, Tagin, Mishmi en Wanchoo) en laastens die nuwelingvolke (die Deori, Chakma en Hajong).

🗣 *Here, ons roep tot U vir elke persoon in Andhra Pradesh wat U nie ken nie, om oop en ontvanklik te raak vir die Christelike getuienis. Laat hulle hoor van U roem en oral in verwondering staan oor U dade, oor die radio en televisie ensovoorts. Voeg asseblief mense by die getal van Gelowiges en beweeg hulle om die hoër kastes te evangeliseer. Ons verhef die Naam van Jesus oor die Boeddhistiese mense van Arunachal Pradesh, oor die animistiese groepe en ook oor die nuwelingvolke. Dink aan U genade, stort U liefde uit, stuur werkers uit in hierdie ontsaglike groot veld. Berei hulle harte voor om die evangelie sonder weerstand te ontvang. Maak die werkers voorspoedig in hulle pogings, voeg die name van miljoene by die Boek van die Lewe. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Woensdag 8 Oktober 2008

Internet dobbel firmas teiken SA

Suid-Afrika sal spoedig 'n teiken word vir dobbel operateurs uit Europa aangesien die dobbelwette van die land meer akkomoderend gemaak word. Aanlyn en interaktiewe dobbelary is volgens die *National Gambling Act* steeds onwettig in Suid-Afrika, maar dit sal binnekort verander met die aanname van die *National Gambling Act Amendment Bill.* Dié wet dien tans voor die nasionale raad van provinsies, aangesien dit reeds goedgekeur is deur die nasionale vergadering. Onder die huidige wetgewing kan aanlyn dobbelaars in Suid-Afrika beboet word met tot R10 miljoen of kan tot 10 jaar tronkstraf opgelê word.

(Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?fSectionId=1646&fArticleId=4361616). Bring hierdie situasie deur gebed voor die Here. Vra die Here om godvresende manne en vroue op te rig wat die erns van die gevolge van so 'n wet met groot outoriteit en oortuigend voor die owerhede sal bring. Bid dat die kerk hulle posisie op praktiese maniere sal inneem en nie net petisies sal onderteken en aan protes optogte sal deelneem nie.

Gebedsfokus op Indië: Staat 3: Assam

📖 *In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk en die ledetal het toegeneem* (**Hand.9:31**).

Assam het 'n bevolking van ongeveer 26 866 000 en bestaan uit meer as 60 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 65%, Moslem 31%, Christelik 3,1% Boeddhisties 0,3%, ander 0,6%. Assam is die grootste geestelike uitdaging in noordoos-Indië. Na twee eeue van Christelike werk, is belydende Christene 'n gemarginaliseerde en krimpende persentasie van die bevolking (6,4% in 1961, 3% in 2000). Die mins geëvangeliseerde: die 15 miljoen Assamese is hoofsaaklik Hindoe en daar is slegs ongeveer 1 000 aktiewe Christene onder hulle. Die Bengale is grotendeels Moslem en maak 80% van alle Moslems uit. Assam het 6 miljoen teeplantasie-arbeiders. Slegs 3% is Christene. Hulle is oop vir die evangelie, maar daar is baie min werkers om dit oor te dra. Evangelisasie onder die stamvolke is onvoldoende. Van die Rajbongsi, Deori, Mising, Miker en Kachari is minder as 5% Christene.

🗣 *Vader, dit is U wat U kerk bou. Ons roep tot U vir die kerk in Assam, dat U haar weereens sal versterk. Bemoedig die kerk deur U Heilige Gees en gee dat hulle in getalle sal toeneem en in eerbied vir die Here sal leef. Ons bring sonder ophou die 15 miljoen Hindoe-Assamese, die Moslem-Bengale, die Rajbongsi, Deori, Mising en die Mikir voor U troon van genade. Verhef U stem, roep hulle by hulle name en maak hulle gees wakker om U aangesig te soek. Versag hulle harte om ag te slaan op die boodskap van die evangelie. Stuur meer werkers om hier te gaan woon. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Donderdag 9 Oktober 2008

Gebedsfokus op redding: Die Joodse volk

Die eerste Jom Kippoer (Groot Versoendag) het plaasgevind nadat Moses die tweede keer van die Sinaiberg af teruggekeer het met die tweede stel tafels met die Tien Gebooie en verklaar het dat dit 'n dag van versoening sal wees vir alle geslagte (**Lev.16:29-31**). (*Christian Friends of Israel*: Tel./Faks: 021 361 1437. E-pos: allwiese@lantic.net). Messiaanse Jode glo hierdie dag is simbolies daarvan dat die Hoëpriester, Jesus Christus, versoening doen vir ons sondes, wat ons toelaat om met God versoen te word en by die "allerheiligste" in te gaan (**Heb.9:8-14, 10:19-20**). Christus is in hierdie proses noodsaaklik as ons Hoëpriester (**Heb.4:14-15, 5:4-5,10**) en as ons ewige offerande vir sonde (**Heb.9:26-28**).

(Webruimtes: http://www.ucg.org/litlibrary/holydays.htm en http://www.everythingjewish.com/YomK/YK_origins.htm). Vra dat hierdie generasie van die Joodse volk die openbaring sal ontvang van die reddende genade van God deur die bloed van Jesus Christus wat al hulle sondes op Homself geneem het.

Gebedsfokus op Indië: State 4: Bihar en Jharkhand

📖 *Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is 'n rots?* (**Ps.18:32**).

🏞 Bihar en Jharkhand in die Ganges se vloedvlakte het 'n beraamde bevolking van 75 234 000 en 261 mensegroepe van verskillende kastes. Geloofsgroepe: Hindoe 77%, Moslem 14,5%, etniese gelowe 5%, Christelik 1% (nie-amptelik 1-2%). In 1950 was Bihar Indië se derde rykste staat, maar tans is dit een van die armstes as gevolg van sy rampspoedige geskiedenis na onafhanklikheid. Noord-Bihar is een van die mins geëvangeliseerde mega-bevolkings in die wêreld. Dit is al lank bekend as 'n begraafplaas vir sendelinge. Die 14 miljoen hoër kastes Hindoes het blootstelling aan die evangelie gehad, maar die boodskap was sosiaal onaanvaarbaar. Slegs 3 000 noem hulleself Christene (0,03% van die totaal). Die 33 miljoen van die laer kastes is effens meer geëvangeliseer, ongeveeer 0,5% is Christene. Die 15 miljoen Moslems is onbereik en maak geleidelik 'n groter persentasie van die bevolking uit. Die 14 miljoen Dalit is 0,7% Christelik, maar slegs 3 van die 30 kastes is meer as 1% Christelik. Uitreik-uitdagings: Van Bihar se 1 853 poskodegebiede, het 81% geen inwonende Christelike werkers nie.

🗣 *God ons rots, ons roep tot U om vrede en stabiliteit in die state Bihar en Jharkhand in Indië. Bewys asseblief U genade en stort U redding uit oor die 14 miljoen hoërkaste-Hindoes, die 33 miljoen laer kastes, die 15 miljoen Moslems en die 14 miljoen Dalit. Stuur meer permanente werkers in die 1 853 poskodegebiede van Bihar en Jharkhand in Indië, laat hulle guns ontvang by die plaaslike inwoners en baie geleenthede om Jesus Christus met groot gesag aan hulle te verkondig. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Vrydag 10 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië State 5 en 6: Delhi en Goa

📖 *Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!* (**Rom.15:13**).

🏞 **State 5 en 6: Delhi en Goa**

Delhi is die nasionale hoofstad van Indië met 'n beraamde bevolking van 11 300 000. Geloofsgroepe: Hindoe 84%, Moslem 14,5%, Christelik 0,9%. Delhi se uitdagings is duidelik: 500 000 immigrante jaarliks, met meer as die helfte van die bevolking wat in krotbuurte woon met massiewe besoedeling en gepaardgaande siektes ensovoorts. Spesifieke uitreikuitdagings vir gebed: Die miljoene krotbewoners het 'n baie groter behoefte aan algemene bediening en dissipelskap programme. Vlugteling-gemeenskappe: Tibettane, Iranese en Afgane onder wie klein kerke geplant is. Goa het in 1987 'n staat geword en het 'n geskatte bevolking van 1 370 000. Geloofsgroepe: Hindoe 64,5%, Christelik 31,2%, Moslem 4%, ander 0,3%. Hindoe-gelowe en -gebruike is met Christenskap verweef. Goa is 'n sentrum vir dwelmhandel en kinderprostitusie. Daar is 'n baie groot behoefte aan werkers wat in Konkani kan kommunikeer. Die Goanese Konkani Nuwe Testament word tans hervertaal, aangesien die oue vandag maar min verstaan word.

🗣 *God van hoop, ons roep tot U vir elke individu wat in die state Delhi en Goa woon. Vul hulle met die kennis van Jesus Christus sodat hulle U kinders kan word. Ons vra dat die kerk met groot vreugde en vrede vervul sal word*

namate hulle op U vertrou, dat hulle oorspoel sal word met hoop deur die krag van die Heilige Gees en begin om die evangelie in hulle state te verkondig. Stuur U Woord uit na die miljoene krotbewoners en vlugtelinggemeenskappe in Delhi. Stuur werkers wat die tale van die verskillende groepe in Goa kan praat. Versterk diegene wat die vertaling van Christelike lektuur in baie noodsaaklike tale beplan of besig is daarmee. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.

Saterdag 11 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 7: Gurajat

📖 *Hy is die Vader wat Hom ontferm … daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig, want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus* (**2 Kor.1:3-5**).

🏞 Gurajat (Gandhi se geboorteplek) is 'n kusstaat wat aan Pakistan grens en waar 'n aardbewing in 2001 groot verwoesting veroorsaak het. Dit het 'n bevolking van ongeveer 50 100 000 en sy hoofstad is Gandhinagar. Geloofsgroepe: Hindoe 89,5%, Moslem 8,7%, Jain 1,2%, Christelik 0,5%. Gurajat is 'n fokuspunt in Indië vir die vervolging van Christene. Die Christelike kerk worstel oor die algemeen met nominalisme en gaan kompromieë met Hindoeïsme aan. Die onbereiktes: terwyl sommige stamvolke op die evangelie reageer, bly daar 'n groot behoefte vir die Saurashtra, die westelike skiereiland in die Arabiese See, wat 12 miljoen mense het waarvan slegs 0,07% Christene is. Moslems tel 4,3 miljoen en is die grootste en mins bereikte deel van die bevolking hier. Onbereikte kastegroepe: Die Dalitgroepe – Bhangi, Nadia en Pasi – is verstedelik en begin ontwaak met meer as 3% Christene**.** Daar is 20 Stamvolke waar min werk gedoen is, o.a. die Dubla, Dhanka en Rathawa. Die Parsese is ook feitlik onbereik (11 000 van Indië se 150 000 is in Gujarat). Daar is sover bekend slegs 30 Gelowiges onder die 4,5 miljoen Parsese. Die Jaingeloof is 'n uitvloeisel van Hindoeïsme met 'n sterk klem op morele reinheid en geweldloosheid. Jains is dikwels welgesteld en oefen groot beheer uit oor die handel en nywerheid in die staat. Min is nog gedoen om hulle te evangeliseer.

🗣 *Vader van genade en God van alle troos, bemoedig die Gelowiges in Gurajat wat onder vervolging gely het, in al hulle beproewinge, dat hulle in staat sal wees om diegene wat in moeilikheid verkeer te bemoedig met die troos waarmee U hulle getroos het. Namate die lyding van Christus oorvloedig is in hulle, mag hulle troos ook so oorvloedig wees deur Christus en 'n getuienis word wat al die onbereikte kastegroepe, die 20 stamvolke, die Parsese en die Jains in Die Koninkryk van God sal intrek. Toon aan die ongereddes die ware rykdom in Christus, gee aan hulle 'n heilige begeerte vir die ware ewige lewe en openbaar aan hulle die dwaasheid van hulle afgodediens. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Sondag 12 Oktober 2008

Memoriseer

Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou (**Sef.3:17**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling (**verv. 5 Okt.**)

Stap 2: Eerste konsepvertaling: 'n Moedertaalvertaler wat uit die vertalingsbronne werk wat voorsien word (veral die *Translator's Source Text* (*TST*) en die *Easy-to-Read* Version*)*, maak 'n eerste konsepvertaling in die doeltaal. Op hierdie stadium is die vertaling gereed vir "span-kontrole", wanneer die vertaalspan vergader om te luister hoe elke vertaler hulle konsep lees en dan terugvoering gee om te verseker dat die vertaling natuurlik, duidelik en verstaanbaar klink. (Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=Bible_Translation_Process). Doen asseblief voorbidding vir almal wat by hierdie spesifieke deel van die vertalingsproses betrokke is. Vra dat hulle insig sal hê oor hoe om die verskillende verse op so 'n wyse weer te gee dat dit voordelig sal wees vir die lesers en God sal verheerlik. Bid vir eenheid en helder insig vir die spanne wat by hierdie stap van die vertaling betrokke is.

Gebedsfokus op Indië: Staat 8: Haryana

🕮 *… dat Hy deur Sy Gees uit die rykdom van Sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God* (**Ef.3:16-19**).

🏙 Haryana lê tussen Delhi en Punjab in die noordweste van Indië en het 'n bevolking van 20 000 000 en 310 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 89,3%, Sikh 6,2%, Moslem 4,1%, Jain 0,27%, Christelik 0,08%. Haryana is een van Indië se mins geëvangeliseerde state. Die kerk is swak en verkeer onder druk van Hindoes. Die onbereiktes: sover bekend is daar in slegs 15 van die 92 mensegroepe gemeentes van Gelowiges. Christelike Indiese agentskappe doen pionierswerk onder die 8 miljoen Jat, die 3,8 miljoen Dalit en die Sikhs. Bid vir 'n reaksie. Bid ook vir die onbereikte Moslems en Jains. Geen gedeelte van die Bybel is al in die plaaslike taal, Haryanvi, vertaal nie.

🗣 *Vader van ons Here Jesus Christus, gee asseblief deur Jesus Christus dat die kerk in Haryana deur die Heilige Gees met krag in die innerlike mens versterk sal word, dat Christus deur geloof in hulle harte sal woon en dat hulle gewortel en gegrond sal wees in liefde en vervul sal word met die volheid van God. Maak hulle voorspoedig deur guns en deurbrake in die evangelisering van die Jat, Dalit, Sikhs, Moslems en soveel ander wat U nie ken nie. Bring vertaalspanne op die been om met Bybelvertaling te begin in al die tale wat nog nie oor Skrifgedeeltes beskik nie. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Maandag 13 Oktober 2008

Gebedsfokus op redding: Bid vir mynwerkers

Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie, leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe (**Spr.3:3**). Die meeste mynwerkers werk ver van die huis af. Hulle raak dikwels by buite-egtelike verhoudings betrokke en baie goddelose dinge vind in die kampongs plaas. Bid asseblief vir die redding van mynwerkers en vir herlewing onder werkers in die myne van Suid-Afrika, sodat hulle lewens God sal vereer. Vra dat hulle op 'n gereelde basis geld huis toe sal stuur om hulle gesinne te ondersteun en dat hulle skoon lewens sal lei. Bid dat hulle nie sal swig voor versoekings nie, dat hulle kontak met hulle vrouens en kinders sal behou en nie hulle verantwoordelikheid as mans en vaders sal verwaarloos nie.

Gebedsfokus op Indië: Staat 9: Himachal Pradesh

🕮 *U, Here, is die Allerhoogste oor die hele aarde, hoog verhewe bo alle gode* (**Ps.97:9**).

🏙 Himachal Pradesh is die bergagtige Himalaja-staat wat aan Kasjmir en Tibet grens. Dit het 'n bevolking van 6 147 000 en die hoofstad is Shimla. Geloofsgroepe: Hindoe 95,9%, Moslem 1,7%, Boeddhisties 1,2%, Sikh 1,1%, Christelik 0,09%. Himachal Pradesh is lank reeds Indië se mins geëvangeliseerde staat. Dit is die "Land van die Gode" en 'n sentrum vir Hindoe-pelgrimstogte. Elke berg is na 'n god vernoem en daar is baie verering van afgode. Tog het daar beduidende groei in die kerk plaasgevind. Die uitdagings van die onbereiktes: elke mensegroep is slegs tot 'n baie klein mate geëvangeliseer. Van die 92 mensegroepe is daar in slegs 15 gemeentes van Gelowiges. Die Kullu-vallei: hier is verskeie gemeentes en die Kullu Pahari Nuwe Testament word tans vertaal. Ongeëvangeliseerde distrikte: Kinnaur het slegs 'n paar kerke. Die Lahul en Spiti distrik is kultureel hoofsaaklik Tibettaans. Ongeveer 5 000 Tibettaanse vlugtelinge het hulle in Dharamsala, die Dalai Lama se hoofkwartier, gevestig. Van die 430 poskodegebiede het byna 90% nie een Christenwerker wat daar woon nie.

🗣 *Allerhoogste God oor die hele aarde, ons verklaar dat U verhewe is ver bo alle gode wat in Himachal Pradesh aanbid word. Ons vra en vertrou vir U bonatuurlike ingryping in die lewe van die Dalai Lama, dat hy tot 'n helder begrip van U soewereiniteit sal kom en binnekort sy lewe voor U voete sal neerlê. Stuur asseblief werkers om in elkeen van die 430 poskodegebiede te gaan woon, onder die 5 000 Tibettaanse vlugtelinge en in die Kullu-vallei. Vergroot asseblief die eenheid, geloof en visie onder leiers en kerke. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Dinsdag 14 Oktober 2008

Gebedsfokus op Israel: Fees van Tabernakels (**Sukkot**): **14-21 Oktober**

Hierdie fees gedenk die omswerwinge van die Jode in die woestyn na hulle uittog uit Egipte, toe hulle in aanmekaargeflanste tente of hutte moes woon (**Lev. 23-24**). Daar is drie hoofname vir hierdie fees: *Chag HaSuccot – die Huttefees, Chaf Ha'Osif – die Fees van die Insameling en Zemen Simchosaynu – die Tyd van ons Jubeling.* (Webruimte: http://www.totallyjewish.com/tradition/festival_guide/?content_id=510). Messiaanse Jode verstaan dat die *Fees van Tabernakels* leer dat wanneer Jesus Christus terugkeer, 'n nuwe samelewing tot stand sal kom met Christus as die Koning van die konings en Here van die heersers (**Op.19:11-16 20:4, Lev.23:39-43, Matt.17:1-4, Heb.11:8-9**). (Webruimte: http://www.ucg.org/litlibrary/holydays.htm). Bid vir die Joodse volk om 'n openbaring uit die Tora (die vyf boeke van Moses) van Jesus Christus te ontvang as die Messias oor wie hierdie Skrifte vooruit praat, dat hulle hulle lewens in Sy hande sal oorgee. Bid ook vir die duisende Christene uit baie nasies wat na Jerusalem gaan om hierdie fees te vier, dat hulle getuienis die harte van die Joodse volk sal aanraak. (*Christian Friends of Israel*. Tel./Faks: 012 361 1437. E-pos: allwiese@lantic.net).

Gebedsfokus op Indië: Staat 10: Jammu en Kasjmir

📖 *Here, almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding* (**Ps.80:20**).

🏙 Jammu en Kasjmir het 'n bevolking van 9 400 000 en 240 mensegroepe. Geloofsgroepe: Moslem 64,2%, Hindoe 32,2%, Sikh 2,2%, Boeddhisties 1,2% en Christelik 0,16%. Kasjmir het 'n internasionale tragedie geword. Pakistan het vier oorloë oor hierdie verdeelde staat gevoer. Die gevolg was polarisasie, Islamitiese militantheid, 30 000 sterftes en 800 000 vlugtelinge. Uitreik na hierdie staat was nog altyd beperk en min was plaaslike Christenwerkers. Die meerderheid van die werkers woon in Jammu en nie in die gevaarlike, oorlog-verskeurde Kasjmir met sy Moslem-meerderheid nie. Onbereikte volke: Kasjmiri Moslems wat meer militant geword het vir hulle geloof. Tibettaanse Boeddhiste is slegs marginaal geëvangeliseer. Die *JESUS Film* word nou in die gebied gebruik. Die hoër kaste Brahmin Pandits van Kasjmir was een miljoen in 1900, maar vyandigheid, terreur en geweld deur Moslems in die 1940's het hulle tot 50 000 verminder, met slegs 3 000 gevestig in hulle Kasjmir-tuisgebied. Christenradio saai vyf keer per week in Kasjmiri uit.

🗣 *Here God Almagtig, ons vra dat U U aangesig sal laat skyn oor die mense wat in Jammu en Kasjmir woon en hulle sal red. Gee vir hulle herstel van die verwoesting wat onder hulle gesaai is. Stuur werkers uit na die gevaarlike en moeilik bereikbare gebiede. Versag die harte van die militante Kasjmiri Moslems. Open die harte van die Tibettaanse Boeddhiste om Jesus aan te gryp terwyl hulle na die JESUS Film kyk en trek die hoër kaste Brahmin Pandits nader na U deur U Seun Jesus Christus. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Woensdag 15 Oktober 2008

Ekonomiese fokus: Sokker Wêreldbeker

Die Suid-Afrikaanse ekonomie kan 'n omset toon van meer as R40-biljoen gedurende die *Sokker Wêreldbeker* eindwedstryde wat sal begin by die nuwe *"Soccer City"* in Johannesburg in Junie 2010. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/966768.htm). Bid asseblief vir elke projek in voorbereiding vir die geleentheid. Vra dat mense sal waak teen gierigheid, regverdige besigheid sal bedryf en getrou hulle projekte binne die begroting en die sperdatum sal voltooi. Bid dat Suid-Afrika werklik sal baat vind by die geleentheid, dat ons land geen ekonomiese verliese of skade sal ly (soos bv. die oordra van siektes) wanneer mense van oor die hele wêreld ons land besoek nie.

Gebedsfokus op Indië: Staat 11: Karnataka

📖 *Sou Hy wat die nasies opvoed, nie ook straf nie? Sou Hy wat die mensdom onderrig, self niks weet nie? Die Here ken die gedagtes van die mens, Hy weet dit beteken niks. Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in U Woord* (**Ps.94:10-12**).

🏙 Karnataka is 'n suidwestelike kusstaat met 'n bevolking van 53 500 000. Daar is 224 mensegroepe en die hoofstad is Bangalore. Geloofsgroepe: Hindoe 85,4%, Moslem 11,6%, Christelik 2,1%, Jain 0,8%. Karnataka is die staat in Suid-Indië met die grootste geestelike nood. Die Christengemeenskappe is na binne gekeer en kultureel afgesonderd. Bangalore is Indië se "Silikonstad" en is ook die Indiese hoofkantoor van baie

Christenkerke. Die minder geëvangeliseerdes: byna al Karnataka se volke is onbereik. Die Lingajats, hoofsaaklik in die noorde, is stoere Hindoes en het baie min Gelowiges. Die Adi Karnataka is die oorspronklike inwoners van hierdie staat. Die Devadasis is meisies wat in tempelprostitusie ingedwing is. Daar is meer as 50 000 in die staat. Die Banjara het begin om op die evangelie te reageer. Van Karnataka se 2 479 poskodegebiede het ongeveer 80% geen Christenwerkers wat daar woon nie.

🗣 *Here, U ken die gedagtes van die mens, dat dit niks beteken nie. Ons roep tot U om die volk van Karnataka te onderrig, tereg te wys en die kennis van die Allerhoogste te leer. Ons bring die Lingajats, die Adi Karnataka, die Devadasis en die Banjara voor U troon van genade. Openbaar aan hulle U ewige liefde deur Jesus Christus. Verlos hulle van duisternis en slawerny en bring hulle na lig en vryheid in Christus. Maak die oë van die Christene oop om verder as net na hulleself te kyk en gee aan hulle 'n begeerte om uit te reik en vriendskappe te sluit met die plaaslike inwoners om so ook die evangelie met hulle te kan deel. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Donderdag 16 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 12: Kerala

🕮 *Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe. Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak* (**1 Kron.29:11-12**).

Kerala is Indië se mees suidwestelike staat met 'n bevolking van 33 000 000 en 194 mensegroepe en is ook Indië se voorspoedigste en digsbevolkte staat**.** Geloofsgroepe: Hindoe 57,7%, Moslem 23%, Christelik 19,3%. Die Siriese Christene het 'n hoë sosiale status maar het feitlik niks meer geword as 'n kaste binne die Hindoe-samelewing nie en min het weggebreek en lewensbelangrike getuies geword teenoor mense van ander kulture. Onbereikte volke: van die 35 klein stamgroepe het slegs drie of vier beduidende Christengroepe en onder tien ander is daar slegs 'n handvol Gelowiges. Die meeste is Hindoes, animiste of demoonaanbidders. Die Malabar Moslems, of Mappila, is talryk in die noorde van Kerala en word geskat op 7 miljoen. Van die hoër kastes en 41 Dalit-groepe Hindoes het daar wel mense na die Christendom oorgegaan. Christelike media het baie gedoen om belangstelling in sendingwerk op te wek en TV- en radioprogramme vir die breër bevolking het ook wye reaksie uitgelok, maar Christelike werk is oneweredig versprei.

🗣 *Here, die grootheid en mag, heerlikheid, majesteit en glans behoort aan U. Aan U behoort Die Koninkryk, U is verhewe as hoof oor almal, ook oor Kerala, oor die 35 stamgroepe, die Malabar Moslems, die hoër kastes, die Dalit en elke ongelowige. Openbaar aan hulle dat dit in U hande lê om gesag en mag te gee en om te verhef en sterk te maak. Draai hulle oë na Jesus, laat hulle reguit opkyk in Sy wonderlike gesig en laat die dinge wat hulle kosbaar ag, onbelangrik word in die lig van Sy heerlikheid en genade. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Vrydag 17 Oktober 2008

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger by die verskillende kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* oor die hele land. Vra vir hulle veiligheid, krag en gesondheid. Bid asseblief ook tot God om in hulle praktiese en fisiese behoeftes te voorsien. Hou aan om te bid vir die druk- en posproses van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids.* Vra God ook om nuwe deure vir bediening oop te maak, bronne beskikbaar te stel vir die druk en vertaling van gebedsmateriaal en vir genade vir die Liggaam van Christus sodat Sy Liggaam gemobiliseer sal word om te bid. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk,* Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: http://www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Indië: State 13 en 14: Madhya Pradesh en Chhattisgarh

🕮 *Praat jy vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; praat en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges* (**Spr.31:8-9**).

Die twee state word hier saam as 'n eenheid behandel. Albei is baie arm en onderontwikkel met 'n bevolking van 62,3 miljoen (Madhya Pradesh) en 17,6 miljoen (Chhattisgarh). Geloofsgroepe: Hindoe: 92,4% (die meeste van die Dalit-groepe en -stamme is eintlik animiste), Moslem 5,2%, Jain 0,85%, Christelik 0,70%, Sikh 0,27%, Boeddhisties 0,14%. Hierdie 2 state was van die laastes om die deur oop te maak vir sendelinge en het tot onlangs stadig op die evangelie reageer. Die Hindoe invloed is sterk, met streng wette wat bekering tot die Christendom beperk. Die uitdagings van die onbereiktes: Die stamvolke is die meerderheid in die vier suidelike distrikte. Die meeste beoefen 'n Hindoe-geïnspireerde animisme. Toorkuns, Saktisme (aanbidding van vroulike energie) en Saivisme (aanbidding van Shiva) is volop. Die 10,5 miljoen Gond is die grootste stam in Indië. Slegs 2% is Christene. Bhopal, die hoofstad van die staat Madhya Pradesh en nywerheidsentrum, was die toneel van die wêreld se ergste nywerheidsramp ooit – 'n chemiese aanleg het in 1984 ontplof, 20 000 mense gedood en 'n verdere 500 000 vermink of op ander maniere aangetas. Die droewige nagevolge is nog duidelik. Byna 23% is Moslems maar daar is geen noemenswaardige bediening onder hulle nie.

Regverdige Regter, ons roep tot U ten behoewe van die armes en behoeftiges wat in Madhya Pradesh en Chhattisgarh woon en wat nie vir hulleself kan praat nie omdat hulle U nie ken nie. Ons bring in gebed na U die stamvolke, diegene wat betrokke is by animisme, toorkuns, Saktisme en Saivisme. Openbaar die ware rykdom in Jesus Christus aan hulle en antwoord diegene wat honger en dors na 'n ware geestelike lewe met die reddende oorwinning in die aangesig van die gode wat hulle aanbidding eis. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.

Saterdag 18 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 15: Maharashtra

M*aar wanneer dié nasie hom bekeer van sy boosheid waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring* (**Jer.18:8**).

Maharashtra is Indië se mees verstedelikte en geïndustrialiseerde staat met 'n bevolking van 95 000 000, 339 mensegroepe en Moembaai (Bombaai) as hoofstad. Geloofsgroepe: Hindoe 80,4%, Moslem 10%, Boeddhisties 6,2%, Jain 1,6%, Christelik 1,2%. Moembaai oefen 'n groot invloed op die bevolking uit en is die tuiste van die rolprentvervaardigingsbedryf ("Bollywood"). Dit het ook 'n reputasie vir misdaad, bevat van Asië se grootste krotbuurte (Dharavi met een miljoen mense op 170 hektaar), het 100 000 straatkinders, bedryf kinderprostitusie en VIGS is hier ook 'n groot probleem. Dit het die tweede hoogste Christelike bevolking (5%) van die megastede van Indië, maar dit is naam-Christene en ongeveer 40% gaan nie kerk toe nie. Onbereikte gebiede en volke: talle Hindoe-kastegroepe, Moslems en die Mahar (van wie baie in die 20ste eeu Boeddhiste geword het) het min geleentheid om die evangelie te hoor. Daar is gevolglik ook baie min Christene onder hulle. Stamgroepe soos die Gond, Bhil, Korku en Kolam en baie ander kleiner groepe, het begin om op die evangelie te reageer maar vordering is stadig. In die 1990's het sterker pogings egter beduidende reaksie tot gevolg gehad. Die 1,5 miljoen Jains en 150 000 Parsese in hulle ryk, knus godsdienstige gemeenskappe bly ongeëvangeliseerd.

Vader van genade, ons roep tot U ten behoewe van Maharashtra in Indië. Luister asseblief na die krete van Gelowiges in hierdie gebied wat na U roep om redding uit te stort oor Bollywood, die Dharavi, die straatkinders en prostitute, oor die Hindoe-kastegroepe, die Mahar, die stamgroepe en die Jains en Parsese. Openbaar Jesus Christus aan hulle, die Een en enigste ware God. Help hulle om hulle te verootmoedig, om te bid, berou te hê oor hulle sondes en weg te draai van hulle bose weë. Hoor, o God van die hemel en vergewe hulle sondes. Laat die gety van misdaad en geestelike armoede in hulle land omkeer. Maak die sluise van die hemel oop, stort U guns en genade, geregtigheid en waarheid, vrede en versoening met Uself uit. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.

Sondag 19 Oktober 2008

Memoriseer

Ek betuig met blydskap dat ek die tekens en wonders wat die allerhoogste God gedoen het, kon belewe. "Hoe groot is Sy tekens, hoe magtig Sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, Sy heerskappy duur van geslag tot geslag (**Dan.4:2-3**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling (**verv. 12 Okt.**)

Stap 3: Terugvertaling, evaluering en redigering: Nadat daar besluit is dat die eerste konsepvertaling van aanvaarbare gehalte is, sal 'n ander persoon wat vlot is in daardie taal dit in Engels vertaal. Deur hierdie terugvertaling te gebruik, vergelyk 'n gekwalifiseerde vertalingskonsultant die betekenis van die doeltaalvertaling met die oorspronklike Hebreeuse of Griekse teks. Die vrae en notas wat daaruit voortvloei, is die begin van 'n lang en moeisame proses van wysiging en verbetering, wat gewoonlik ander vertalingskonsultante betrek, asook die oorspronklike vertaler en die projekredakteur.

(Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=Bible_Translation_Process). Vra die Here om arbeiders te voorsien om hulle deel in hierdie besondere stap van die vertalingsproses te doen. Vra dat alle moontlike foute of verkeerde vertolking in die vertaling op hierdie tydstip uitgewys en reggemaak sal word. Bid vir eenheid onder spanlede terwyl hulle saam hierdie stap van die vertaling voltooi.

Gebedsfokus op Indië: Staat 16: Manipur

🕮 *Groot en magtige God, U Naam is die Almagtige. U besluite is magtig, U dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade* (**Jer.32:18-19**).

🌁 Manipur is op die oosgrens van Mianmar met 'n bevolking van 2 526 000. Geloofsgroepe: Hindoe 57,7%, Christelik 34,1%, Moslem 7,3%, ander 0,9%. Byna al die Naga, Kuki-Chin en Mizo het in die 20ste eeu Christene geword. Ongelukkig het daar in 1990 'n burgeroorlog uitgebreek. Denominasionele en etniese konflikte het uitreike deur Christene na Moslems en Hindoes ernstig belemmer. Die uitdagings: die Meitei is vir die afgelope drie eeue Hindoes. (Hulle het die spel polo uitgevind)! Die groei in Christengetalle is vertraag as gevolg van toenemende vyandigheid. Die Bybel en die *JESUS Film* is vir hulle beskikbaar. Moslems en ander immigrantegroepe is grootliks onbereik. Dwelmverslawing en VIGS het 'n enorme probleem geword – van die +/- 60 000 dwelmverslaafdes is 40 000 MIV-positief. Honderde Manipur-sendelinge verrig vandag kruiskulturele diens.

🗣 *Groot en magtige God, wie se naam die Here die Almagtige is, U bedoelings is groot en U dade is kragtig oor Manipur. U beloon elkeen volgens sy dade. Tog roep ons vandag dat U genade en liefdevolle goedheid sal seëvier wanneer U kyk na die weë van die kerk in Manipur, wanneer U kyk na die Naga, Kuki-Chin, Mizo, die Moslems en die Meitei. Wek Gelowiges op om met die evangelie na ander uit te reik, vermeerder hulle getalle, versterk hulle en bemagtig hulle deur U Heilige Gees. Bring asseblief 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Maandag 20 Oktober 2008

Gebedsfokus op redding: Besturende direkteure van maatskappye

Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: "Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik" (**Mark.10:27**). Daar is talle mans en vrouens wat as besturende direkteure van hulle maatskappye dien. Hulle beïnvloed letterlik die lewens van honderde en duisende mense oor wie hulle aangestel is. Baie verkeer onder geweldige druk en dit kan dus maklik gebeur dat hulle toegee aan omkopery, onetiese praktyke, wedywering, bedrog, sondige verhoudings en verwaarlosing van hulle gesinne (te wyte aan werksdruk of buite-egtelike verhoudings) en om hulle posisie en mag te misbruik. Bid vir hulle redding, dat hulle innerlik sterk sal wees en nie in hierdie versoekings sal val nie, maar 'n positiewe invloed op die samelewing sal hê.

Gebedsfokus op Indië: Staat 17: Meghalaya

🕮 *Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie* (**1 Joh.1:5**).

🌁 Meghalaya is 'n bergagtige staat op Bangladesj se noordelike grens, het 'n bevolking van 2 175 000 en 78 mensegroepe. Dit het die wêreld se hoogste reënval – 12 meter per jaar! Geloofsgroepe: Christelik 64,6%, Hindoe 14,7%, Moslem 4%, Animisties/ander 16,7%. Meghalaya het 'n Christelike staat geword. Daar is vandag 40 denominasies. Baie sendelinge is gewerf. Die uitdagings vir die kerk: die jeug dryf weg van die kerk – daar is dwelmmisbruik en baie uitsakkers onder jeug lidmate. Sommige kleiner stamme, die Hajong, Rabha Koch en Mikir, is steeds in animistiese leefwyses ingegrawe. Die Hindoe- en Moslemminderhede word weinig deur die

evangelie geraak en hulle getalle neem toe deur immigrasie uit Bangladesj en ander state. Shillong het die grootste konsentrasie van nie-Christene met die helfte van die bevolking Hindoes, Moslems, animiste ens. Tog is daar oor die 150 gemeentes en broederskappe in die stad.

🗣 *God van lig, ons roep tot U vir die moeilike posisie van die kerk in Meghalaya, dat hulle die boodskap wat hulle gehoor het aan die ander Hindoes, Moslems en diegene van ander gelowe bekend sal maak. Mag die kennis van die heerlikheid van die Here die berge en valleie van Meghalaya bedek en reik tot in die harte van elke mens wat leef. Maak die jeug wakker om hulleself opnuut aan die lewende God toe te wy en Sy heerlikheid met vrymoedigheid te verkondig. Open die harte en ore van diegene wat weerstand bied teen die evangelie, gee aan hulle wysheid en begrip van wie U is. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Jeug-wat-bid: Die *10/40 Venster* oopmaak?

Daar is 65 lande in die gebied wat die *10/40 Venster* genoem word. Dit strek vanaf Noord-Afrika oor die Midde-Ooste, Sentraal-Asië, Sjina en Indië tot by Japan. Ongeveer 80% van al die armste mense en ongeveer 90% van al die mense wat nog nie met die evangelie bereik is nie en die grootse nie-Christelike godsdienste van die wêreld (Hindoeïsme, Boeddhisme, Islam) woon hier. In hierdie 65 nasies is daar baie min sendelinge en hulle werk in baie moeilike omstandighede onder baie vervolging. In sommige plekke is daar een sendeling wat die evangelie aan 200 000 mense moet bring. Dink aan 'n pastoor met 'n gemeente van 200 000 lidmate en nie een ken vir Jesus nie, sommige van hulle haat jou as sendeling en wil niks van Jesus hoor nie en die meeste van hierdie mense het nog nie die Naam van Jesus een maal in hulle lewens gehoor nie! Daar is miljoene kinders wat in die *10/40 Venster* woon en net soos hulle ouers ken die meeste van hulle nie vir Jesus nie. Baie sendelinge word benodig in die *10/40 Venster* om mense van Jesus te vertel. Een van die belangrikste dinge wat jy kan doen, is om vir die mense wat daar woon **in te tree.**

Kom ons maak die venster oop…

Hoe? Ons moet die venster oopmaak deur volhardende gebed en intersessie.

Wat vra ons vir die Here? Dat ons meer sendelinge, Bybels, Christelike boeke, kassette en die *JESUS Film* soontoe kan stuur. Dat ons meer radioprogramme sal kan opneem. Bid dat Jesus Homself deur drome en visioene aan hierdie mense sal openbaar. Miskien is die Here besig om jou te roep om na die *10/40 Venster* as sendeling te gaan! Bid dat elke persoon wat daar woon graag meer van Jesus sal wil weet, harte sal hê wat gereed is om Hom aan te neem en ander Christene sal soek wat hulle sal help groei in hulle verhouding met die Here.

Hoekom? Hierdie mense is sonder Jesus, sonder hoop, hulle gaan nie hemel toe nie. Miljoene arm mense leef in verskriklike onmenslike omstandighede en in baie lyding. Nóg hulle omstandighede, nóg hulle godsdiens gee vir hulle enige hoop.

Vir wie? Bid vir die mense in die *10/40 Venster*, hulle leiers en veral vir die vrouens en die kinders wat baie swaar kry. Bid vir die Christene in die Venster wat uit hulle families geskop word en hulle vriende en werk verloor omdat hulle in Jesus glo. Sommige van hulle lewens is in gevaar. Die regerings laat nie godsdiensvryheid toe nie en maak die lewe vir die Christene baie moeilik. Bid vir die plaaslike kerke wat in die meeste gevalle in baie moeilike omstandighede leef.

Wie nog? Vir die sendelinge. Dat hulle veilig sal wees en gesond sal bly, geen probleme met die regering sal hê nie, goeie verhoudings met die mense sal hê en geleenthede sal kry om die evangelie met die mense te deel.

Dinsdag 21 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 18: Mizoram

📖 *In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede beleef. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk en die ledetal het toegeneem* (**Hand.9:31**).

Mizoram is feitlik 'n ingeslote grondgebied tussen Bangladesj en Mianmar met 'n bevolking van 860 000 en 54 mensegroepe. Geloofsgroepe: Christelik 85%, Boeddhisties 8%, Hindoe 7%. Mizoram is een van die mees aktiewe Christenstate. Ontwakings en herlewings in afgelope jare het veroorsaak dat die kerk ontplof het en die samelewing getransformeer is. Dit is tans die staat met die hoogste geletterdheids- en opvoedingspeil in Indië. Daar is meer as 2000 Mizo en buitelandse sendelinge in Indië – een van die hoogste sending-getalle ter wêreld.

Die uitdagings wat deur die Christene aangepak moet word, is verdeeldheid binne denominasies en ook spanning tussen etniese groepe. Ernstige maatskaplike probleme word ook ondervind – toename in korrupsie, jeugmisdaad en dwelm- en alkoholmisbruik. En die hoofsaaklik Boeddhistiese Chakma en Reang stamvlugtelinge van Tripura moet geëvangeliseer word.

🗣 *Here, ons verheerlik U Naam vir diegene in Mizoram wat U vermenigvuldig het omdat hulle in eerbied vir die Here en met die troos van die Heilige Gees lewe. Ons bid vir elke Christengelowige van elke etniese groep, om die eerbied vir die Here te verstaan, in eensgesindheid te lewe en die oorblywende probleme van hierdie gebied met 'n heilige geweld aan te pak. Versterk hulle en help hulle om die gety van toenemende korrupsie en dwelmmisbruik deur vas en gebed te laat omkeer. Gee aan hulle genade om die evangelie onder die Boeddhistiese Chakma en Reang stamvlugtelinge van Tipura te verkondig, sodat baie hulle aan Jesus sal oorgee. Bring ook hier 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Woensdag 22 Oktober 2008

Werkverskaffing fokus: Matrikulante maak klaar met skool

Meer as die helfte van S.A. se matrieks kry tans nie werk wanneer hulle klaar maak met skool nie. Die ekonomie het sedert 2001 uitgebrei, maar die opvoeding en opleiding prentjie lyk alles behalwe rooskleurig. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=105&art_id=vn20080411054635496C379310). Suid-Afrika benodig ook dringend gegradueerdes met kundigheid op sekere terreine. Bid asseblief ernstig oor hierdie situasie en vra dat baie studente die middele sal vind om voort te gaan met tersiêre studies. Vra dat die Here jongmense wat Hom aanroep sal inspireer met innoverende idees om klein, lae-risiko, hoë-inkomste ondernemings te begin wat ook mettertyd werksgeleenthede sal verskaf. Bid veral dat matrikulante nie moed sal verloor of hulle eie lewens sal neem nie (selfs nie eers een hierdie jaar nie), maar hulle vertroue in die Here sal plaas.

Gebedsfokus op Indië: Staat 19: Nagaland

📖 *Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?"* (**Luk.24:32**).

🏞 Nagaland is 'n bergagtige staat wat grens aan Assam, Arunachal Pradesh en Mianmar, met 'n bevolking van 1 550 000 en 50 mensegroepe. Geloofsgroepe: Christelik 87,5% (60%+ Baptiste), Hindoe 10,1%, Moslem 1,7%. Die doeltreffendheid van die Christelike getuienis word lam gelê deur etniese twiste, 'n uitgerekte guerrilla-oorlog vir die onafhanklikheid van die Naga, toenemende korrupsie, denominasionele versplintering en toenemende nominalisme. Min Christengebiede in die wêreld beskik oor so baie teologiese kolleges soos Nagaland, dog min Nagas wat hier opleiding ontvang, oorweeg ooit 'n sendingloopbaan.

Die Bybelgenootskap versprei jaarliks meer as 'n 100 miljoen Skrifgedeeltes of Bybels wêreldwyd. Bybelvertaling bly 'n belangrike uitdaging. Meer as 100 tale wat deur meer as 10 000 mense in die wêreld gepraat word, het geen Skrifgedeeltes in hulle taal nie. Die *JESUS Film* is in 55 tale beskikbaar, 100 000 mense sien dit daagliks soos wat 500 filmspanne deur Indië beweeg. Hierdie spanne benodig wysheid en beskerming in die hedendaagse Indië. *Die geweldige groei van satelliet-TV* en *Internet-evangelisasie* word belangrik namate Indië baie vinnig hoëtegnologie-kommunikasiemiddele begin gebruik.

🗣 *Here God, ons bid tot U om die harte van Christene in Nagaland brandend te maak vir U Woord en U bedoelings. Verwyder alle kompromieë, konflik, misverstande en eiegeregtigheid onder hulle. Ons bid dat U die voltooiing van die JESUS Film in baie meer tale sal bespoedig en dat Skrifgedeeltes baie gou in elke oorblywende taal beskikbaar sal wees. Berei 'n weg waar daar geen weg is nie, vuur mense aan, voorsien hulpbronne en mag U koninkryk met groot krag uit hierdie gebied uitgaan. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Donderdag 23 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 20: Orissa

📖 *Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder dat iemand preek? En hoe kan iemand preek as hy nie*

gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring" (**Rom.10:14-15**).

- Orissa is 'n staat aan die ooskus en onderhewig aan siklone. Dit het nou 'n bevolking van 37 500 000 en 279 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 94,7% (baie animistiese stamvolke is ingesluit), Christelik 2,1%, Moslem 1,8%, ander 1,4%. Die vervolging van Christene het toegeneem en Orissa hou nou saam met Gujarat die rekord vir ekstremistiese Hindoe-geweld. Baie kerke is vernietig en Christenwerkers aangeval, sommige gemolesteer en doodgemaak. Die stamvolke van Orissa reageer die beste op die evangelie: die Oraon (40% Christelik), Kharia (37%), Munda (40%), Savara (17%), Kisan (9%), Khond (9%) en Kol (5%) het beduidende getalle Christene. Die onvoltooide uitdaging: die hoër kastes, soos die Brahmin en Korono, is nog nooit met Christus gekonfronteer nie. Die ses oostelike en 13 westelike distrikte is minder as 1% Christelik. Die stamgroepe: die Bhathudi, Bhuiya, Bhumiji, Gond, Kolho, Paraja, Santal, Siyal en Koya. Van die 62 groepe is 20 minder as 0,1% Christelik en 42 is minder as 1% Christelik. 'n Goeie nuwe Oriya Bybel is in 1998 gepubliseer. Ongeletterdheid is hoog – 51% van die bevolking, maar 70% van die Dalit stamme en 89% van vroue kan nie lees nie.
- *Here van die oes, ons dra Orissa aan U op. Stuur asseblief mense in die berge en valleie van hierdie staat om die evangelie te preek. Maak die ore van die stamgroepe oop: Bhathudi, Bhuiya, Bhumiji, Gond, Kolho, Paraja, Santal, Siyal and Koya, die hoër kastes: die Brahmin en Korono. Laat hulle luister en ag slaan op die Woord van die Here. Stuur asseblief arbeiders om vertalings te doen en Skrifgedeeltes op te neem in veral die tale wat deur ongeletterde mense gepraat word. Laat duisende op die Christelike radio- en televisie-uitsendings inskakel en hulle harte na Jesus Christus keer om Hom aan te neem en te volg. Laat tog 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand kom om intersessie vir deurbrake te doen en u Naam dag en nag te verheerlik.*

Vrydag 24 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 21: Punjab

- *"Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie." "Niemand nie!" Dit maak geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik …* (**Rom.10:11-12**).
- Punjab is in die noordweste van Indië en 'n baie produktiewe landboustreek. Dit het 'n bevolking van 24 000 000 en 96 mensegroepe. Geloofsgroepe: Sikh 63,6%, Hindoe 34%, Christelik 1,1%, Moslem 1%. Die Punjab is die tuisstaat van die Sikhs. Die Sikh-geloof met sy unieke leerstellings en kultuur het na baie dele van Indië en verder versprei. Daar is 25 miljoen Sikhs in die wêreld. Van Christene se kant af is daar tot dusver baie min studie van en gesprekke met Sikhs onderneem. Die visie van die kerk in hierdie staat is om sterk kerke in elkeen van Punjab se 12 distrikte te sien – die swakste kerke is in Sangrur, Bathinda, Rupnagar en Faridkot. Ook om Christenwerkers in elkeen van die 491 poskodegebiede te vestig en om 'n kerk vir elke mensegroep te hê. Die Ludhiana Christen Mediese Kollege en Hospitaal het wêreldwyd 'n reputasie vir Christelike sorg en getuienis.
- *Here, groot bo almal, ons roep tot U om die Sikhs en elke onbereikte persoon met die evangelie te red. O dat U redding sal uitstort en reg en geregtigheid sal laat geskied sodat hulle U ware liefde sal leer ken en die ewige lewe sal verkry. Versterk die kerk om haar taak te volvoer, stuur werkers uit, trek Gelowiges in plaaslike kerke saam en toon U mag en heerlikheid deur baie tekens en wonders in hierdie staat. Bring asseblief 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Saterdag 25 Oktober 2008

25-30 Oktober: *World Evangelical Alliance (WEA) General Assembly*

Gedurende hierdie tyd sal meer as 500 leiers d.m.v. gebedskonserte die Here aanroep en Hom vertrou vir strategieë om die realiteite van die 21ste eeu aan te spreek. Realiteite soos die mobilisering van die kerk as katalisator in die transformasie van die wêreld, asook alle aspekte van wêreldwye armoede, die V*ervolgde Kerk*, godsdiensvryheid en ondersteuning. (Webruimte: http://ga08.org/). Bid vir almal wat die vergadering bywoon, vir nuwe insig oor God se hart vir die bereiking van die nasies, oor hoe om belangrike kwessies aan te spreek, maar die belangrikste, dat elkeen sal nadink oor sy eie verhouding met die Here Jesus Christus.

Gebedsfokus op Indië: Staat 22: Rajasthan

🕮 *Ek sal my voor die oë van al die nasies laat ken as die groot en die Heilige God en hulle sal besef dat Ek die Here is"* (**Eseg.38:23**).

🗺 Rajasthan is 'n dor staat wat aan Pakistan grens. Dit het 'n bevolking van 53 300 000 en 226 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 89%, Moslem 7,5%, Jain 1,8%, Sikh 1,5%, Christelik 0,12%. Christene is 'n klein minderheid binne 'n minderheid Dalit en stamgroepe. Onbereikte volke: die Bhil, Mina, *Garasia* en ander Hindoes/animiste begin nou eers op die evangelie reageer. Jaipur, die hoofstad, met 2 miljoen mense het ongeveer 10 000 Christene. Baie van hulle kom uit die suide van Indië en baie is net naam-Christene.

🗣 *Here God Almagtig, toon asseblief U grootheid en U heiligheid en maak Uself bekend in die aangesig van die onbereikte mense van Rajasthan, totdat hulle weet dat U die Here is! Ons roep tot U vir die Dalit en stamgroepe, vir die Bhil, Mina, Garasia en ander. Red die Meo, die hoërkaste-Hindoes, veral die Rajputs, Jats en Marwari wat geen reaksie toon op U liefde nie. Gee hulle 'n hart van vlees, open hulle verstand en stort U redding oor hulle uit. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik!*

Sondag 26 Oktober 2008

Memoriseer

Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid en ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na My wil en julle sal dan My wil ken as julle met julle hele hart daarna vra (**Jer.29:11-13**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling (verv. 19 Okt.)

Stap 4: Toetsing: Sodra sekere dele van die teks voltooi is, word 'n beperkte aantal kopieë gedruk. Dan word dit onder moedertaalsprekers met 'n breë opvoedkundige en maatskaplike agtergrond (sowel as ondervinding met die Bybelse teks) getoets vir leesbaarheid en linguistiese en kulturele geskiktheid. (Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=Bible_Translation_Process). Dank God vir elke vertalingsproses wat alreeds hierdie stadium bereik het. Bid vir 'n rustydjie sodat die spanne wat met ywer gewerk het, verkwik kan word. Bid ook vir verdere verbetering van die werk wanneer kommentaar van moedertaalsprekers ontvang word en dat alles tot verheerliking van God sal wees. Vra dat hierdie deel van die proses nie te lank sal sloer nie.

Gebedsfokus op Indië: Staat 23: Sikkim

🕮 *Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid!* (**Rom.11:36**).

🗺 Sikkim is die Himalajas-staat tussen Nepal en Boetan, met 'n bevolking van 510 000. Geloofsgroepe: Hindoe 67%, Boeddhisties 27%, Christelik 5%, Moslem 0,9%. Ten spyte van beperkings en tye van vervolging in die verlede, het die Christene onder die Lepcha en Nepali's toegeneem. Sedert 1994 het Sikkim minder beperkings op geloofsvryheid as ooit vantevore. 'n Nuwe visie vir die evangelisasie van Sikkim in die noordelike deel, wat grotendeels Boeddhisties is, lei tot groter uitreiking na die inwoners en die opleiding van nuwe werkers. Daar is 'n dringende behoefte vir uitreik na die geslote buurstate, Boetan en Tibet. Die Lepcha en Bhotia is die inheemse volke van Sikkim en is hoofsaaklik Boeddhiste. Die Lepcha reageer steeds op die evangelie; die *JESUS Film* is in 1999 in Lepcha vrygestel!

🗣 *Here ons God, uit U, deur U en tot U is alle dinge. Dankie vir die groter godsdiensvryheid in Sikkim. Alle eer aan U vir die aansporing van die kerk om met die evangelie uit te reik. Stuur asb sterk werkers uit in die buurstate Bhutan en Tibet, versag ook die harte van die Lepcha en Bhotia. Gee dat duisende die JESUS Film sal sien en oortuig sal word van die waarheid van 'n ewige lewe. Laat 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand kom om intersessie vir deurbrake te doen en om U Naam dag en nag te verheerlik.*

DIE HERLEWING WAARNA ONS VERLANG, HET REEDS BEGIN

Deur Floyd McClung

Ons leef in die tyd van die grootste herlewing in die geskiedenis van die kerk. Dit het reeds begin. Ons besef dat baie mense besig is om te bid vir meer herlewing en dat daar ook baie onvervulde drome in die harte van die Here se kinders is rondom herlewing, maar dit sou verkeerd wees as ons nalaat om raak te sien wat God reeds gedoen het en besig is om te doen in antwoord op ons gebede. Ons moet versigtig wees om "herlewing" so te definieer dat dit net aan 'n baie spesifieke eng begrip voldoen – wat ons gewoonlik definieer volgens ons eie standaarde.

Waarom glo ek dat die groot herlewing waarvoor ons gebid het en waarna ons verlang het reeds begin het?

1. Meer mense het in die laaste vyftig jaar *na Jesus toe* gekom as in die res van die Christelike geskiedenis saam. Meer as 50 000 mense kom elke dag tot geloof in Jesus in Sjina, Indië en Afrika. En dié getalle groei jaarliks vinniger as die bevolkingsgroei. Ek weet dat wanneer ons vir herlewing bid, ons vir die Here vra om die kerk te vernuwe en dat gelowiges berou sal hê oor sonde en onverskilligheid en vir die transformasie van die gemeenskap. Is daar 'n groter wonderwerk as iemand wat tot geloof in Christus kom? Is daar berou of transformasie wat groter is as een persoon wat deur God se liefde verlos word en verseker word dat hy die ewigheid in die Vader se teenwoordigheid gaan deurbring? Dit is die grootste vorm van herlewing en dit is op die oomblik besig om op 'n geweldige groot skaal dwarsoor die aardbol te gebeur. Kom ons dank die Here! Mense wat onder die Dalit (die uitgeworpenes) in Indië werk, sê dat letterlik "enorme" getalle elke week na Christus toe kom. Die aantal Christene in Indië het die laaste 15 jaar verdubbel (en dit na meer as twee eeue van intensiewe sendingwerk en pogings deur die Indiese kerk self).
2. In baie dele van die wêreld sien ons herlewings (soos ons dit gesien het in die eerste en tweede *groot oplewings* in die 1740's en die 1850's, die herlewing in Wallis in 1904 ens.), Sjina, Fidji, Indië, sekere plekke in Afrika, Latyns-Amerika. Daar was 'n eb en vloed (kom en gaan) van herlewings oor die laaste twee dekades, tog is dit aan die gebeur in baie lande.
3. *Kerkplantingbewegings* het in baie lande begin en miljoene mense in Die Koninkryk van die Here ingebring. Honderde duisende klein gemeentes wat deur gewone mense gelei word, het oral oor die wêreld ontstaan. Dit is herlewing.
4. Ek glo dat herlewing reeds begin het omdat meeste van die onbereikte mense groepe in die wêreld binnegedring is met die goeie nuus van Jesus, baie van hulle oor die laaste 2-3 dekades.
5. Ek glo herlewing het begin omdat miljoene, nie net duisende of honderde duisende nie, maar miljoene *Moslems* tot geloof in Christus gekom het gedurende die laaste 25 jaar. Betroubare statistiek beweer dat meer Moslems in die laaste 10 jaar na Christus gekom het as in die vorige 1 300 jaar.
6. Ek glo dat herlewing uitgebreek het omdat die Berlyn muur geval het en die Kommunistiese wêreld deur die soewereiniteit van God geskud is. Hy verwyder konings en stel konings aan in 'n kwessie van dae. Nie in jare of eeue nie, maar dae. Baie *onderdrukkende regerings* het hulle greep verloor en oor die laaste 15 jaar is hulle besig om hulle greep op mense te verloor wat daartoe gelei het dat hierdie nasies nou oop is vir die verkondiging van die evangelie – soos bv. Kambodja, Viëtnam, Bulgarye, Roemenië, Sentraal-Asië, Sjina en Nepal.
7. Ek glo herlewing het begin omdat die kerk meer as ooit tevore oortuig is om die nood van die armes te verlig en geregtigheid aan verdruktes te laat geskied.
8. Ek glo herlewing het begin omdat ons nie meer net 'n evangelie van persoonlike verlossing verkondig nie, maar ook 'n evangelie van Die Koninkryk van God.
9. Ek glo herlewing het uitgebreek omdat sakelui Die Koninkryk van God in hulle sakeondernemings bevorder en ook in die nasies van die aarde, ook omdat vroue meer en meer beskou word as gelykes in God se koninkryk.
10. Ek glo herlewing het begin omdat Christene in baie nasies in die *markplein* begin opstaan as "*markplein-evangeliste*" en verstaan wat hulle rol is as getuies van die verlossing van Christus en voorsiening in die behoeftes van mense in die *markplein*.
11. Ek glo dat herlewing reeds begin het omdat miljoene en miljoene mense begin bid het en die momentum is besig om te groei. In die 70's was daar in die VSA en in baie ander lande 'n oproep op mense om 40 dae lank vir herlewing te vas. Tienduisende het reageer en 40 dae lank gevas. Baie het vir die eerste keer in hulle lewens gevas. Dit het dwarsoor die wêreld versprei. In die jare negentig is duisende 40 dag tydperke van vas en gebed oral oor die wêreld

gehou. In die 90's was daar 'n oproep om vir die *10/40 Venster* te bid – en kyk wat het met die *10/40 Venster* gebeur! Tot 40 miljoen Christene het in 1997 deur een van hierdie *Praying Through the Window* inisiatiewe gebid. In die 90's was daar ook 'n oproep om gedurende die maand *Ramadaan* vir Moslems te vas en te bid. Miljoene volgelinge van Jesus het hierop reageer en het daarna elke jaar daarmee volgehou.

12. Gebedsbewegings en nasionale gebedsnetwerke het oral oor die wêreld ontstaan. Huise van gebed, 24/7 gebedswagte, *boiler rooms,* gebedspanne wat oor die wêreld reis, gebed vir die *10/40 Venster*, die *Wêrelddag van Gebed*, stadions propvol mense wat bid en gebedswandelinge is in volle momentum. Mense bid soos nog nooit tevore in die geskiedenis nie. In ten minste 160 nasies van die wêreld is daar ten minste een of meer 24/7 funksionerende gebedswagte. Baie nuwe en kreatiewe gebedsinisiatiewe word elke jaar geloods. Daar is 'n verstommende ontwaking onder jong mense en ook onder die kinders.

Gebed is 'n roep uit die hart van die Here se kinders wat desperaat is vir meer van Hom en dit is die Heilige Gees wat die harte van mense opwek om te verwag dat die Vader Sy hand oor die geskiedenis sal beweeg. God roep ons nie op tot gebed om ons te frustreer of te verneder nie. Ons het gebid en God het geantwoord. Laat ons nie ignoreer wat God gedoen het en ondankbaar wees nie. Kom ons dank die Here vir antwoorde op gebed, vir die herlewing wat begin het en laat ons met danksegging volhard om die diepste verlangens van ons harte voor God uit te stort en Hom te smeek om nog meer, baie baie meer te doen.

Maandag 27 Oktober 2008

Gebedsfokus op redding: Koerantverkopers

Hou u liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertroue in U (**Ps.33:22**).

Daar is duisende jong kinders en ook ouer mense wat elke dag oral in die land koerante verkoop, ook op Sondae. Hulle verdien nie veel nie en sukkel dikwels om te oorleef. Bid vir hulle redding, dat hulle die vreugde van verlossing en die vrede van God sal smaak. Bid dat God waarlik 'n hoop en 'n toekoms vir hulle sal word, sodat hulle deur hulle woorde en dade God se evangeliste langs ons paaie sal word. Vir God is dit moontlik!

Gebedsfokus op Indië: Staat 24: Tamil Nadu

📖 *Vra my en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting* (**Ps.2:8**).

🗺 Tamil Nadu is Indië se mees suidoostelike staat en naby aan Sri Lanka geleë met 'n bevolking van 65 300 000 en meer as 400 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 88,6%, Christelik 5,7%, Moslem 5,5%, ander 0,2%. Christene het die afgelope 20 jaar beduidend in getalle gegroei. Tog verhinder voortgesette etniese kommunalisme en kaste-identiteit Christelike volwassenheid en eenheid. Die minder geëvangeliseerdes: min van die belangrikste mensegroepe het meer as 'n paar honderd Gelowiges – veral die Brahmin, Viswakarma, Ahir en Kaikolan. Die Tamilsprekende Moslems, die Labbai, het 'n handvol Christene en slegs 'n paar Christenwerkers. Die stamgebondenes: daar is slegs 300 Christene onder die Tamilsprekende Malayali. Van die 3 311 poskodegebiede het 57% geen Christenwerkers wat daar woon nie.

🗣 *Vader God, saam met U Seun tree ons in vir Indië en die mense van Tamil Nadu. Ons bid vir die volwassenheid van die kerk, spoor haar aan om U wil te doen. Laat haar vas en bid. Stel 'n oes vry onder die Brahmin, Viswakarma, Ahir en Kaikolan. Maak die oë van die Labbai en die stamgroepe oop. Stuur werkers uit om in die 3 311 poskodegebiede te gaan woon. Bewys genade aan hulle om die evangelie te kan verkondig en baie te lei om Jesus Christus te volg. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Dinsdag 28 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 25: Tripura

📖 *Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees* (**Matt.6:20-21**).

🗺 Tripura is feitlik 'n ingeslote grondgebied binne Wes-Bangladesj met 'n bevolking van 3 590 000. Geloofsgroepe: Hindoe 85,3% – insluitend Tripuri-animiste wat beskou word as "Hindoe" – Moslem 7,1% (Bengali), Boeddhisties 4,6% (Chakma), Christelik 3% (stamgroepe). Die inheemse volke is nou 'n minderheid in hulle eie staat as

gevolg van Bengali-immigrasie die afgelope 40 jaar. Christene word deur beide animiste en ekstremistiese Hindoe-groepe vervolg. Die minder geëvangeliseerdes sal ongeëvangeliseerd bly tensy daar 'n groot toename is van werkers van binne en buite Tripura. Die Bengalese meerderheid van twee miljoen toon weinig reaksie as gevolg van die stamvolke, met wie hulle nie wil assosieer nie, wat hulle tot Christus bekeer. Die Boeddhistiese Chakma begin stadig op die evangelie reageer. Die Tripura het meer toeganklik geword. Die meeste is animiste, maar dwangmaatreëls en omkopery is gebruik om hulle tot Hindoeïsme te bekeer.

🗣 *Wonderlike God, ons dra die mense van Tripura deur gebed aan U op. Stuur asseblief U Woord deur mense uit om die Bengali, die Boeddhistiese Chakma en die oorblywende stamme te bereik. Versag hulle harte, toon aan hulle dat hulle U kosbare besitting is. Leer hulle om skatte in die hemel bymekaar te maak en hulle harte op U te rig. Versterk die kerk sodat sy dapper en sterk kan word en met gesag sal dien, en vir tekens en wonders om hierdie bediening te volg sodat baie sal reageer en Jesus Christus sal aanneem. Laat 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand kom om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik, asseblief Here!*

Woensdag 29 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: State 26 en 27: Uttar Pradesh en Uttaranchal

🕮 *… en hulle sal met hulle skatte kom en so sal Ek hierdie huis met rykdom vul, sê die Here, die Almagtige* (**Hag.2:7**).

🗺 Uttar Pradesh en Uttaranchal is in Indië se strategiese hartland, die Ganges-vallei geleë, en het 'n bevolking van 167 271 000 en 225 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 81,%, Moslem 17,3%, Sikh 0,4%, Christelik 0,14%, Jain 0,13%. Uttar Pradesh is die tuiste van Hindoeïsme, Boeddhisme en Jainisme. Miljoene pelgrims besoek Varanasi, die heilige stad van Hindoeïsme langs die Ganges-rivier, maar weinig vind die Lewende Water wat net Jesus kan gee. Die Christelike kerk is lankal 'n stagnante minderheidsgemeenskap van 230 000. Die onbereiktes: die Brahmin, Ahir, Rajput en ander kastes verfoei die Christendom as gevolg van sy bande met die Dalit (gesien as van die laagste kaste-groepe). Moslems is 'n groot minderheid van 29 miljoen. Die Garhwalis (1 800 000) is grootliks onverskillig.

🗣 *Jesus Christus, Prins van vrede, Verlange van die nasies, openbaar Uself aan die miljoene pelgrims wat Varanasi besoek, maak U kerk voorspoedig, vuur die harte van Gelowiges aan om te vas en bid vir deurbrake vir die evangelie in hierdie stad. Keer die gety van dood om en bring nuwe lewe, stuur lewende water uit. Bring ook 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Donderdag 30 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 28: Wes-Bengale

🕮 *Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep* (**Ps.4:4**).

🗺 Wes-Bengale grens aan Bangladesj met 'n bevolking van 81 700 000 en 203 mensegroepe. Geloofsgroepe: Hindoe 75,1%, Moslem 23,4%, Christelik 0,6%. Die Bengale is die grootste onbereikte etniese groep ter wêreld! Christene is min. Kolkata is toegewyd aan Kali, die Hindoe godin van verwoesting. Dit het die laagste stedelike lewenstandaard in die wêreld met uitgestrekte krotbuurte en 'n miljoen mense of meer wat op straat woon. Die mins geëvangeliseerdes: geen beduidende kerkplantingsaksie is al onder die kastegroepe en meeste van die stamme geloods nie.

🗣 *Heilige God, ons roep tot U vir die Hindoe- en Moslemmense van Wes-Bengale. Laat hulle asseblief geleenthede hê om U stem te hoor, om op die evangelie te reageer en godvresende lewens te lv. Vestig U kerk onder nuwe Gelowiges. Bring 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.*

Vrydag 31 Oktober 2008

Gebedsfokus op Indië: Staat 29: Die ses unie-grondgebiede

🕮 *Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby* (**Fil.4:5**).

Spesifieke melding word hier van twee van die meer uitsonderlike unie-grondgebiede gemaak. Die ander vier is soortgelyk aan die staat waarvan hulle enklaves is: Chandigarh (hoofstad van Panjab en Haryana 800 000), Dadra en Nagar Haveli (Gujarat 170 000), Diu Daman (Gujarat 123 000) en Pondicherry (Tamil Nadu 990 000). Die Andaman- en Nicobar-eilande bevat 350 000 inwoners op 38 eilande in die Baai van Bengale. Meer as 25% van die immigrantebevolking uit die vasteland en inheemse Nicobari (45 000) is Christene. Daar is vier geïsoleerde Negrito-volke wat onbereik is (slegs 500 mense, maar alle sendingwerk onder hulle is verbode!). Ook die Hindoes (64%) en Moslems (8,6%), Bengali, Hindi, Malayali, Telugu en Tamil immigrante, sowel as Oraon, Munda en Khama van Bihar moet bereik word. Lakshadweep: twaalf koraalringeilande en 36 eilande in die Arabiese See met 62 000 mense. Meer as 95% van die bevolking is vurige Moslems, die res is Hindoe (4%) en Christen (0,7%) immigrante van die vasteland. Geen langtermynbediening aan hierdie Malayali-sprekende Moslems is nog ooit toegelaat of onderneem nie. Daar is 22 miljoen Indiërs in ander lande.

Here, U is naby aan almal om hulle te antwoord wanneer hulle roep. Ons bid dat die sagtheid van Gelowiges vir almal wat U nie ken nie, sigbaar sal wees en hulle sal trek om na die lewende God te begin soek. Stuur U Woord uit, stort U redding uit oor die ses unieterritoria en slaan nie één oor nie. Laat elkeen wat 'n oor het, hoor en diegene wat 'n oog het, sien dat U na aan hulle is. Roep ook diegene wat in ander lande Gelowiges geword het terug om die taak van evangelisasie onder hulle eie mense op te neem. Bring dringend en gou 'n 24-7 gebedswag in hierdie gebied tot stand om intersessie vir deurbrake te doen en U Naam dag en nag te verheerlik.

Saterdag 1 November 2008

Sendingfokus: Bid vir die SA sendelinge in Thailand

Hulle skryf: Ons is bemoedig omdat God besig is om Sy kerk in Thailand uit te bou. Dit is nou die tyd dat baie jong mans by die priesterskap aansluit met die doel om geestelik verlig te word soos wat hulle in die Boeddhisme geleer word. God bly getrou en voorsien gereeld geleenthede om met Thailanders wat 'n oop gemoed het om te luister, oor Bybelse waarhede te praat. Vertrou saam met ons dat baie van hulle hulle geloof in Christus as Here en Verlosser sal plaas. (Joseph and Edwina Charles, P.O. Box 15, Sisatchanalai 64130, Sukhothai, Thailand. E-pos: jecharles2003@yahoo.com). Dank die Here vir hierdie getuienis. Hou aan bid vir die werk wat hulle doen, hulle gesin en hulle gesondheid. Bid ook dat die jong mans Jesus in hulle soeke na spiritualiteit sal ontmoet.

Gebedsfokus op die *Vervolgde Kerk*

Vir die volgende dertig dae gaan ons fokus op 30 van die 50 verskillende lande waar Christene vervolg word. Besoek gerus http://www.opendoorsuk.org/resources/country-profiles.asp vir meer inligting.

Eerste op die Wêreldvervolgingslys: Noord-Korea

Oorsig: Vir miljoene mense bly die daaglikse lewe bitter swaar. Vir die vyfde agtereenvolgende jaar is hierdie land die moeilikste land om 'n Christen in te wees. Meer Christene is in 2006 gearresteer as in 2005. Tans is daar 500 000 Christene in strafkampe, baie word gemartel en party staar die dood in die gesig. Ander trotseer enorme gevare om na Sjina te probeer vlug. As hulle daarin slaag, kan hulle deur Sjina teruggestuur word, waar strafkampe of erger dinge op hulle wag.

Gebed: Bid dat Christene in Noord-Korea tydens hierdie genadelose vervolgings vas sal staan in die geloof. Bid tot God dat Hy Hom op wonderbaarlike maniere aan Kim Jong-il en die Noord-Koreaanse regering sal openbaar. Bid dat die Christene wat gearresteer en gemartel word en in arbeidskampe aangehou word, God se teenwoordigheid, liefde, vrede en ook ingrype sal ervaar.

Sondag 2 November 2008

Memoriseer

Ek sal hulle die insig gee om My te ken. Ek is die Here! Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees, want hulle sal heelhartig na My toe terugkom (**Jer.24:7**).

Gebedsfokus op Bybelvertaling (verv. 26 Okt.)
Stap 5: Publikasie: Nadat die vertaling in die praktyk getoets en hersien is, word die teks noukeurig geproeflees en geredigeer voordat dit geset en gedruk word. Daarna volg die massaverspreiding. (Webruimte: http://www.wbtc.com/site/PageServer?pagename=Bible_Translation_Process). Na die lang proses van vertaling, is dit die laaste uitdaging. Bid dat die spanne gefokus en ywerig sal bly om die taak te voltooi. Bid dat elke enkele fout raakgesien en noukeurig reggestel sal word. Bid vir God se teenwoordigheid om te waak oor die proeflees, redigering, setwerk, druk en effektiewe verspreiding van elke Bybel wat in elke taal voltooi is. Bid asseblief dat nie een Bybel verlore sal gaan of vernietig sal word nie, maar dat dit God se doel onder die mense vir wie Hy dit voorberei het, sal verwesenlik.

Tweede op die Wêreldvervolgingslys: Saoedi-Arabië
Oorsig: Onder hierdie koninkryk se streng interpretasie van die Islamitiese wet, is geloofsversaking (om die Islam-geloof op te sê) strafbaar met die dood. Openbare nie-Moslemaanbidding is verbode. Feitlik al die Christene wat in Saoedi-Arabië woon, is uitgeweke werkers. In 2006 is vier Christene uit Oos-Afrika in hegtenis geneem toe hulle byeengekom het om te bid. Hulle is daarvan aangekla dat hulle "vir Moslems gepreek het, besig was om kerke te stig en vrouens en mans saam bymekaargebring het om te bid". Hulle is vir langer as 'n maand in haglike omstandighede aangehou en daarna gedeporteer.
Gebed: Bid vir Saoedi-Arabiese Christenbekeerlinge, dat hulle in hulle geloofsverhouding met Jesus Christus sal groei. Prys die Here dat Christelike kommunikasiemedia – radio, satelliet, televisie en die Internet dit nou vir Moslems moontlik maak om die evangelie te hoor.

Maandag 3 November 2008
Gebedsfokus op redding: Prokureurs en advokate
Leer my U pad, Here, ek wil wandel in U waarheid; leer my U met toewyding dien (**Ps.86:11**).
Hierdie mense oefen geweldige invloed uit in die herstel van reg en geregtigheid. Hulle word dikwels in die versoeking gestel om nie te doen wat reg is nie ter wille van hulle ego of vir geldelike gewin of prestige. Bid vir advokate en prokureurs, dat hulle hulle heelhartig aan die Here sal oorgee en dat hulle waarheid en geregtigheid bo hulle eie begeertes sal stel. Bid dat hulle geregtigheid en waarheid sal liefhê (**Ef.5:8-9**).

Derde op die Wêreldvervolgingslys: Iran
Oorsig: President Ahmadinejad se regime en die moontlikheid dat Iran kernwapens gaan ontwikkel, het wêreldwyd aandag getrek. Die Sjaria-wet word toegepas en alhoewel Christene deel is van 'n erkende godsdienstige minderheidsgroep wie se godsdiensvryheid gewaarborg is, is daar nogtans gevalle waar opsluiting, teistering en diskriminasie as gevolg van die Christengeloof gerapporteer is. Sommige Moslembekeerlinge is in hegtenis geneem en etlike weke aangehou en daarna gedwing om groot bedrae geld aan borgtog te betaal.
Gebed: Prys die Here vir die vrylating van Hamid Pourmand in Julie 2006, nadat hy 22 maande in die tronk aangehou is toe hy valslik daarvan aangekla is dat hy sy geloof geheim gehou het. Bid vir Christengroepe wat verlede jaar geteiken is omdat hulle hulle geloofsoortuigings onder Sjiïete Moslems verkondig het. Bid vir Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond wat die doodstraf in die gesig staar omdat hulle hulle tot die Christelike geloof bekeer het.

Dinsdag 4 November 2008
Twaalfde op die Wêreldvervolgingslys: Somalië
Oorsig: Die land gaan gebuk onder politieke onstabiliteit, indien nie algehele wetteloosheid nie. Daar is geen konstitusionele of wetlike beskerming van godsdiensvryheid in Somalië nie. Islam is die amptelike godsdiens en daar is groot sosiale druk om die Islamitiese tradisie te respekteer, veral in sommige plattelandse gebiede. In 2006 is ten minste ses Christene as gevolg van hulle geloof om die lewe gebring. Die meeste van hulle het 'n Islamitiese agtergrond gehad en is om die lewe gebring toe dit aan die lig gekom het.
Gebed: Bid vir 'n nuwe tydperk van stabiliteit en vrede in Somalië. Bid vir Christene wat hulle geloof in die geheim beoefen, dat hulle 'n geloofsgemeenskap sal vind en in hulle geloof sal groei. Die kinders van sommige Somaliese Christene wat na Kenia gevlug het, is na bewering deur Moslemfamilielede ontvoer en teruggeneem na Islamitiese instellings in Somalië vir "rehabilitasie". Tree asseblief dringend vir hulle in by die Here.